DIE RAAD VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKE[1)]

H S Grobler

Die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke (1907-1962) kan tereg as 'n unieke liggaam bestempel word. Dit was geen sinode wat bindende besluite kon neem nie en tog veel meer as 'n blote advieskommissie. Vir 55 jaar het hierdie raad, wat in die omgang bekend gestaan het as "Die Raad van die Kerke" of "Die Federale Raad" groot invloed binne die Ned Geref Kerk uitgeoefen en op talle terreine leiding gegee en die koers waarin die kerk beweeg het, aangewys.

Die bekende Loedolff-saak (1862) het daartoe gelei dat die Ned Geref Kerk in die Kaap, Natal, Oranje Vrystaat en Transvaal in vier afsonderlike sinodale gebiede verdeel is.[2)] Die besef dat die kerk een is en die verlange om hierdie eenheid weer te vergestalt, het nooit heeltemal vervaag nie. Die Anglo-Boereoorlog laat die drang na een sinodale verband egter sterk opleef.[3)] Na 'n konferensie op Colesberg (9-10 Augustus 1905), waar die voorlopige beplanning gedoen is, kom 30 afgevaardigdes van die vier sinodes op 13 Maart 1907 in die Susannasaal in Pretoria byeen vir die konstituering van die Raad van die Kerke. In 1957 neem afgevaardigdes van die Sinode van Suidwes-Afrika sitting op die Raad. Die ledetal van die Raad het deur die jare klein gebly en by die ontbinding van die Raad het hy slegs uit 37 afgevaardigdes bestaan.

Die Raad van die Kerke is gebore uit die verlange na een sinodale-verband vir die Ned Geref Kerk. Faktore soos Ordonnansie 7 van 1843 en die vrees vir kerkskeuring het veroorsaak dat destyds vir 'n federale band bo 'n algemene Sinode gekies is. Een sinodale verband bly egter die ideaal. Die maandblad van die Transvaalse Sinode, <u>De Vereeniging</u> het die Raad van die Kerke indertyd verwelkom as

> "de eerste stap tot de gewenschte algehele vereeniging onzer kerk".[4)]

"Kerkvereniging" bly dan ook 'n belangrike agendapunt en verskeie doelbewuste pogings in hierdie rigting is deur die Raad van die Kerke van stapel gestuur. Dit is opvallend dat hierdie pogings grootliks saamgeval

het met tydperke waarin Afrikanervolkseenheid op die voorgrond getree het.[5]

Aanvanklik is geoordeel dat die Loedolff-saak vier selfstandige kerke tot gevolg gehad het. Die vier kerke sou dus moes verenig. Daarvoor is wetgewing deur die Parlement nodig geag om 'n herhaling van die droewige nasleep van die vereniging tussen die Ned Herv Kerk en die Ned Geref Kerk in die ZAR (1885) te voorkom. So 'n wet, Die Nederduits Gereformeerde Kerke Verenigingsakte, 1911 is dan ook inderdaad op 12 Mei 1911 gepromulgeer.[6] Wetgewing het egter nie die verlangde eenheid gebring nie.

Gedurende die vyftigerjare het die kerk egter besef dat daar in die vorige eeu nie vier afsonderlike kerke tot standgekom het nie, maar dat die een Ned Geref Kerk in vier afsonderlike sinodes verdeel is. Geen nuwe kerk sou dus ontstaan wanneer die sinodale band herstel word of oorgegaan word tot "organisatoriese kerkvereniging" nie.[7] Die onnoukeurige gebruik van terminologie soos "vereniging", "kerkvereniging", "kerke" ens het selfs nadat die korrekte standpunt duidelik geword het, bly voortduur. In die praktyk het die sinodes hulself ook gesien as vier afsonderlike kerke wat geheel onafhanklik is.

Op 12 Oktober 1962 - op twee dae na presies 100 jaar na die aanvang van die Sinode van 1862 - breek 'n besonder heuglike dag in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk aan. In Kaapstad besluit die Konvensie van die Nederduitse Gereformeerde Kerke om die organiese kerkverband te herstel met die konstituering van die eerste vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk. Die Raad van die Kerke het homself toe ontbind omdat

> "'n blote federale liggaam soos die Raad was, wat bloot adviserend teenoor die Sinodes kon optree nou oorbodig geword (het)."[8]

Die herstel van die verbreekte sinodale verband was nie die enigste saak waarmee die Raad van die Kerke homself besig gehou het nie. Geen terrein van die kerklike lewe het die aandag van die Raad ontgaan nie. Die Raad van die Kerke het sedert 1910 Die Kerkbode besit en uitgegee en kry in 1927 ook beheer oor Die Jaarboek. Deur middel van hierdie twee belangrike publikasies kon die Raad van die Kerke 'n besondere invloed binne die Ned Geref Kerk uitoefen.

'n Belangrike stimulus ten opsigte van kerkgeskiedskrywing het van die Raad van die Kerke uitgegaan. Die Raad het 'n aandeel gehad aan die verskyning van G B A Gerdener se Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Trans-Gariep en A Dreyer se Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1652-1873, wat as standaardwerk erken is, op versoek van en op koste van die Raad van die Kerke geskryf en uitgegee.[9)]

Studentebearbeiding binne die Ned Geref Kerk het sy beslag gekry toe die Raad van die Kerke in 1927 die nodige fondse uit die wins op Die Kerkbode bewillig het om twee studenteleraars te besoldig. Dr F D Moorrees is op 11 September 1928 in Bloemfontein as die eerste studenteleraar van die Ned Geref Kerk bevestig. In 1927 verskyn die Handboek by die Katkisasie van G B A Gerdener in opdrag van die Raad van die Kerke. Met hierdie katkisasieboek, wat vir bykans 50 jaar in die Ned Geref Kerk gebruik is, het die Raad van die Kerke 'n besondere bydrae gelewer. Verskeie pogings is ook deur die Raad aangewend om 'n geskikte handboek te vind vir die onderrig van vaderlandse kerkgeskiedenis in die kategese.

Die inisiatief vir die besinning binne die Ned Geref Kerk oor die liturgie het van die Raad van die Kerke uitgegaan. Aanvanklik val die klem op die liturgiese formuliere - o a 'n nuwe huweliksformulier, 'n formulier vir die bevestiging van diakens en die hersiening van die Formulierboek. Vanaf 1952 geniet die vormgewing van die erediens en die verskillende diensordes aandag. Hiermee het die Raad van die Kerke die grondslag gelê waarop die Algemene Sinode later kon voortbou.[10)]

In 1941 stuur die Raad van die Kerke die reeks: Kort Verklaring van die Heilige Skrif vir die Afrikaanse Volk van stapel. Die werk het langsaam gevorder en met die ontbinding van die Raad van die Kerke was slegs 17 boeke van die Nuwe Testament voltooi. Die Algemene Sinode het hierdie projek oorgeneem en is tans nog daarmee besig. Die meeste van die boeke wat vroeër behandel is, is weer oorgedoen. Wanneer die eerste pogings op hierdie gebied beoordeel word, mag nooit vergeet word dat dit pionierswerk is wat verrig is nie.

Tussen 1947 en 1952 werk die Raad van die Kerke deur sy Kerkbodekommissie

mee aan 'n Bybelkorrespondensiekursus wat 'n kortstondige bestaan gevoer het. Hierdie poging moet aangemerk word as 'n moedige poging van die kerk op die pad na die verwesenliking van 'n ideaal wat met die totstandkoming van Bybelkor in 1972 bereik is.

In die worsteling van die Ned Geref Kerk met rasseverhoudings het die Raad van die Kerke 'n besondere rol gespeel. Twee "Naturelle Konfe= rensies" (1923 en 1927) is deur die Raad gereël. Met hierdie konferensies het die Ned Geref Kerk 'n belangrike inisiatief geneem en getoon dat hy bereid is om deel te neem aan 'n oop gesprek waarby groepe met uiteen= lopende standpunte betrek word. Ongelukkig het die kerk hierdie inisia= tief spoedig verloor. Na 1927 keer die Ned Geref Kerk sy aandag na binne. Aandag word geskenk aan die formulering van die kerk se eie standpunt en 'n huiwering en selfs vrees om met ander groepe in gesprek te tree, kom na vore. In 1935 formuleer die Raad van die Kerke 'n eenvormige Sending= beleid vir die Ned Geref Kerk en werk gedurende die veertigerjare mee aan die kerk se pogings om "Apartheid" Bybels en teologies te fundeer. 'n Belangrike mylpaal in die Ned Geref Kerk se besigwees met rassever= houdings word in 1957 bereik toe die Raad van die Kerke 'n Ad hoc-kom= missieverslag met die opskrif: "Die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika en die Vraagstuk van Rasseverhoudings" aanvaar. Hiermee is die grondslag gelê vir twee publikasies wat later deur die Algemene Sinode uitgegee is, nl. "Human Relations in South Africa" (1966) en "Ras, Volk en Nasie en Rasseverhoudinge in die lig van die Skrif" (1974).[11]

In die totstandkoming van die Tussenkerklike Kommissie in 1939 het die Raad van die Kerke aktief meegewerk. Hierdie liggaam het egter gedu= rende die afgelope 45 jaar min konstruktiewe resultate opgelewer. In 1960 word die Federale Raad van Ned Geref Kerke (destyds bekend as die Raad van Kerke van Gereformeerde Belydenis in Suidelike Afrika) op inisiatief van en onder leiding van die Raad van die Kerke gestig.

Die Raad van die Kerke het dit van die begin af as deel van sy opdrag gesien om aandag te skenk aan die samelewing en dan meer in die beson= der aan die belange van die Afrikanervolk. Na die Rebellie (1914) het die Raad van die Kerke die koers waarin die onderskeie sinodes sou beweeg, aangedui.[12] Deur middel van die Algemene Dingaansdagkommissie

wat in 1925 deur die Raad in die lewe geroep is, is 'n groot bydrae gelewer om beslag te gee aan die wyse waarop Geloftedag gevier word.[13] Hier het die Raad van die Kerke eintlik buite sy terrein beweeg en die werksaamhede het dan ook geleidelik, sonder 'n formele besluit, oorgegaan in die hande van die FAK waar dit inderdaad tuishoort.

Veral in die jare voor die Carnegie-ondersoek hou die Raad van die Kerke hom aktief besig met die Armblankevraagstuk. "Maatskaplike euwels" het ook baie aandag van die Raad ontvang. Nie alleen is die kerk se standpunt ten opsigte van egskeidings geformuleer nie, maar talle pogings is ook aangewend om die regering te beweeg om wetgewing in lyn met die kerk se standpunt te bring. Gedurende die twintigerjare het die Raad van die Kerke aktief geywer om die beginsel van "plaaslike keuse" in die drankhandel op die wetboek te plaas en selfs geneig om "Prohibisie" voor te staan. Die viering van die Sondag verskyn ook herhaaldelik op die agenda van die Raad.

Die Raad van die Kerke het die regering van die dag gereeld genader om die kerk se siening oor verskillende sake te stel. Gewoonlik is gepoog om die regering nie in die openbaar aan te spreek of te kritiseer nie. Toe dit in 1957, met die sogenaamde "Kerkklousule" byna op 'n konfrontasie met die regering uitgeloop het, het die moderatuur van die Raad, op aandrang van Dr Verwoerd spoedig die hele aangeleentheid so geplooi dat die regering nie in die verleentheid gestel is nie.[14]

Dat die Raad van die Kerke, wat bloot adviserend was, wel vir 55 jaar bestaan het en sinvol kon funksioneer, was 'n besondere prestasie. 'n Aantal faktore het dit moontlik gemaak.

1. Die Raad van die Kerke het gefunksioneer tussen sinodes van dieselfde kerk. Dit was dus nooit nodig om te probeer om "kerke" van uiteenlopende standpunt en karakter nader aan mekaar te bring nie. Hoewel daar soms wel spanning was, was die eenheidsband altyd sterker.

2. Die sinodes het toegelaat dat die Raad, ten spyte van sy adviserende karakter, vir homself mag toeëien. Die reg om self sy agenda vas te stel, sy eie kommissies aan te wys en deputate te benoem om namens die Ned Geref Kerk te handel en selfs standpunte te stel in naam van die kerk het die Raad van die Kerke in staat gestel om meer te word as 'n blote skakelkommissie of gesprekliggaam.

3. Beheer oor die winste van Die Kerkbode en Die Jaarboek maak dit vir die Raad van die Kerke moontlik om self= standig op te tree. Fondse was beskikbaar om projekte aan te pak.

4. Die Kerkbode bied aan die Raad 'n spreekbuis. Veral ds P G J Meiring, wat lank tegelyk skriba van die Raad van die Kerke en redakteur van Die Kerkbode was, het baie gedoen om die Raad en sy werksaamhede bekend te stel.

5. Nie net binne die Ned Geref Kerk nie, maar ook in die samelewing en selfs in die buiteland was die Raad van die Kerke 'n bekende en erkende liggaam.

6. Afgevaardigdes na die vergaderinge van die Raad was gewoonlik persone wat in die onderskeie sinodes leiding geneem het.

7. Die Raad van die Kerke se personeel was klein en hy kon dus doeltreffend werk. Sy agenda was gewoonlik beperk, maar tegelyk aktueel. Besondere sorg is ook gedra dat afgevaardigdes na sinodale vergaderinge op hoogte bly van die werksaamhede van die Raad van die Kerke. Die aanbevelings van die Raad het ook die nodige aandag tydens sinodesittings ontvang. Die Raad was dus nooit 'n onbekende skakelliggaam wat sy werk in stilte verrig het nie.

8. Die Raad van die Kerke kon slaag omdat hy hom steeds besig gehou het met sake wat vir die daaglikse lewe van die kerk praktiese betekenis gehad het en omdat sy besluite gewoonlik konkrete resultate opgelewer het.

Die Raad van die Kerke het deur die jare gegroei en vir homself 'n byna onmisbare plek in die struktuur van die Ned Geref Kerk verwerf. Die faktore wat hierbo genoem is, maak die Raad van die Kerke uniek en daarom kan dit nie as vanselfsprekend aanvaar word dat liggame soos die Tussenkerklike Kommissie en die Federale Raad van Ned Geref Kerke ewe suksesvol sal funksioneer nie.

Die Raad van die Kerke het egter ook sy beperkinge en leemtes gehad en deur die jare het stemme opgegaan ten gunste van die ontbinding van die Raad of die uitbreiding van sy bevoegdhede. Enkele van die tekortkominge was:

1. Die Raad kon geen bindende besluite neem nie en tree dikwels bloot as rubberstempel op. Aanbevelings van die Raad is nie altyd volledig deur die sinodes aanvaar nie en die verlangde eenstemmigheid kon soms nie bereik word nie.

2. Die struktuur van die Ned Geref Kerk het met die onstaan van die Raad van die Kerke lomp geword. Sake is van die sinodes na die Raad verwys en van die Raad weer na die sinodes. Soveel tyd kon verloop dat 'n saak sy aktualiteit verloor.

3. Skakeling tussen die Raad en die sinodes was soms gebrekkig. Dit het ook gebeur dat die Raad hom besig hou met sake wat nie werklik aktueel is nie.

4. Oorvleueling kon ook nie vermy word nie. Die sinodes het dikwels met dieselfde sake as die Raad van die Kerke gehandel en dit kon gebeur dat uiteenlopende standpunte gestel word.

5. Naas en los van die Raad van die Kerke het met verloop van tyd talle ander federale rade ontstaan wat samewerking tussen die sinodes op spesifieke werksterreine van die kerk beoog het. Dit bring nie net oorvleueling nie, maar laat ook vrae ontstaan oor die presiese plek en taak van die Raad van die Kerke.

Teen die vyftigerjare was dit duidelik dat die Raad van die Kerke nie meer aan die eise van die tyd voldoen nie. Veral die Ned Geref Kerk se betrokkenheid by ekumeniese liggame in die buiteland het hoë eise gestel aan die praktyk waar elke sinode sy eie standpunt kon inneem en die Raad van die Kerke slegs adviserend kon optree.

Vir baie jare het die Raad van die Kerke gedien as middel waardeur die Ned Geref Kerk sy eenheid beleef het. Die Raad kan met reg bestempel word as 'n wyse waarop uitdrukking gegee is aan die kerkverband. Veral in die jare toe die Transvaalse Sinode sterk klem begin lê het op sy eie selfstandigheid en die Du Plessistryd gedreig het om verwydering te bring, was die Raad van die Kerke 'n belangrike eenheidsband.

Die Raad van die Kerke het 'n groot bydrae gelewer om die verskillende sinodes nader aan mekaar te bring en dit sou geen oordrywing wees om te beweer dat die Raad die belangrikste wegbereider vir die Ned Geref Kerk was nie. Sonder die Raad van die Kerke sou een algemene sinode moeilik tot standgekom het en sou daar in praktyk baie meer groeipyne gewees het voordat 'n algemene sinode suksesvol kon funksioneer. Die Raad van die Kerke het soos 'n algemene sinode gefunksioneer. Die ander federale rade het verder die strukture gebied vir die latere kommissies van die Algemene Sinode. In 1962 was die raamwerk en die model gereed en die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk kon met min aanpassings voortgaan op die pad wat reeds voorberei was.

Die Raad van die Kerke moet gesien word as 'n skepping van die Ned Geref Kerk om op 'n bepaalde stadium in sy geskiedenis en onder besondere omstandighede te voorsien in 'n behoefte wat in die praktyk ontstaan het. Na 1962 sou 'n adviserende liggaam soos die Raad van die Kerke beswaarlik sy taak verder effektief kon verrig. Om, soos soms bepleit word,[15] terug te keer na 'n federale band tussen die verskillende sinodes sou prakties en finansieel nie moontlik wees nie.

Die Raad van die Kerke was inderdaad 'n algemene sinode wat handelend opgetree het, maar sonder wetgewende en regsprekende bevoegdhede. Die tot standkoming van die Algemene Sinode in 1962 was 'n vanselfsprekendheid omdat die Raad van die Kerke, in die woorde van prof J du Plessis, steeds bestaan het

> "als een vingerwysing naar wat men van de toekomst durft verwachten."[16]

NOTAS

1. Die inhoud van die artikel is 'n samevatting van die resultate wat in die proefskrif: Die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, UP 1983 weergegee is. Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word erken. Menings en gevolgtrekkings is die van die skrywer en moet nie beskou word as die van die RGN nie.

2. P B van der Watt, Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962, Kaapstad 1975, 127-131.

3. H S Grobler, Die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, Ongepubliseerde DD-verhandeling, UP 1983, 18-21.

4. 7 Maart 1907, 4.

5. Grobler, a w, 17-21, 44-46, 75-76, 92-93.

6. De Nederduitsche Gereformeerde Kerken Vereenigingsacte, 1911, op last van den Raad der Nederd Geref Kerken ter voorlichting van de betrokkene Kerkeraden en leden uitgegeven, historisch toegelicht en uiteengezet. Kaapstad, 1911.

7. Grobler, a w, 4-5, 101.

8. Acta Algemene Sinode, 1962, 233, 235.

9. Grobler, a w, 140-146.

10. Grobler, a w, 194-208.

11. Grobler, a w, 255-338.

12. Scholtz, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel VI 1910-1924, Johannesburg 1979, 75. P R du Toit, Die Drie Afrikaanse Kerke en die Rebellie, ongepubliseerde DD-verhandeling, UP 1982, 71, 109-110.

13. Grobler, a w, 392-402.

14. Grobler, a w, 307-315.

15. Die Kerkbode, 29-08-1982, 16.

16. Die Kerkbode, 13-04-1927, 508.